

Saterdag 17 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14:6-13

Fokusgedeelte: Openbaring 14:6-7

God is genadig, maar die genadetyd loop ook uit ...

Dwarsdeur die Bybel leer ons God ken as 'n God wat lankmoedig en geduldig is (vgl. Ps. 145:8). En tog, ten spyte van hierdie eienskappe van die HERE, ten spyte van die talle oproepe tot bekering, is daar steeds mense wat bly weier om na sy stem te luister.

Tog skrik dit God nie af nie. In ons Skrifgedeelte sien ons hoe al die oproepe tot bekering deur die eeue saamtrek in een *laaste wekroep tot die (goddelose)mens om hom uit sy onverskilligheid wakker te skud*. Dit blyk uit die boodskap van die eerste engel, want as hy op die toneel verskyn, bring hy *“n goeie boodskap”*. Die boodskap is *“goed”*, omdat dit die mens, voordat die oordeelsdag kom, vir oulaas wil waarsku om God te dien (vs 6, 7). Hierdie oproep word versterk deur die tweede en derde engel wat die oordele van God aankondig. Die tweede engel wat die val van Babilon aankondig, die setel van die God-vyandige wêreldmagte (ook verwysend na die wêreld wat die mens so dikwels in sy diens aan die Here weglei, laat verkoel, laat versaak). Die derde engel wat die uiteinde van die goddelose beskryf deurdat hulle *“die wyn van God se toorn onverdun sal drink”* (vs 10-11).

Uit hierdie gedeelte is dit dus duidelik dat, net voordat die oordeelsdag finaal aanbreek, daar *een finale wekroep* oor die hele aarde sal weerklink waarin die mens vir oulaas opgeroep word om God te dien (vs 6, 7). Want dit is so, God is 'n *genadige God, lankmoedig, vol liefde*. In Christus het ons dit gesien deurdat Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf en betaal het. Ons sien dit ook in die herhaalde oproepe tot bekering. Tog moet ons besef: die genadetyd gaan nie vir altyd bly nie. Eindelik loop die tyd ook uit ...

Terwyl ons in hierdie genadetyd leef, mag hierdie gedeelte ons aanspoor om in ons diens aan die Here te volhard (vs 12). Mag die Heilige Gees ons die krag en genade daarvoor gee. En daar waar die lewe my dalk op 'n sypoor geneem het, keer terug na die Here. Waar ek dalk lou geword het, brand weer helder in sy diens. Doen dit vandag nog, voordat die tyd uitloop ...

Sing: Skrifberyming 39:4, 5 (15-3)

Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)